# Suid-Afrikaanse fundamentele regte as 'n determinant vir die onderwys – 'n oorsig

Izak Oosthuizen
Nagraadse Skool vir Opvoedkunde
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

Johan Kruger
Dept. Regstoepassing
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

**South African fundamental rights as a determinant of education**

*The changing scene in South African education is responsible for uncertainty among the participants in South African education. As one of the main functions of law is to create order, the application of certain legal determinants to South African education could contribute to regularity in education. This article focuses on the regulating role of the Bill of Fundamental Rights in the Constitution of the Republic of South Africa within the local education situation. In particular, the influence it has on the position of three of the major elements in teaching – the school, the pupil and the teacher – is considered. Not only are the ethos and nature of the school influenced by the Bill of Fundamental Rights, but the Bill also creates a framework for equality, democracy and freedom within the school. The pupil and the teacher are protected in certain ways against the abuse of power by the bearer of authority, the state.*

## 1. Inleiding

Heyns (1990:123) wys daarop dat die onderwys in die Verenigde State van Amerika gedurende die afgelope paar dekades aan baie veranderinge onderworpe was. Volgens G.M. Steyn (1994:3) het verandering in die onderwys 'n "gonswoord in internasionale onderwyskringe" geword. Ook die Suid-Afrikaanse onderwysbedeling bevind hom aan die speerpunt van verandering en vernuwing. Hoewel vernuwing en verandering groot uitdagings vir die onderwysleiers van die land inhou, kan ongekontroleerde verandering maklik tot verwarring en selfs anargie aanleiding gee. Fullan, soos aangehaal deur G.M. Steyn (1994:4) sê verandering impliseer 'n ernstige persoonlike en kollektiewe ervaring wat gekenmerk word deur ambivalensie en onsekerheid. 'n Opname wat deur Steyn onder 'n groepie Suid-Afrikaanse skoolhoofde gemaak is tydens die oorgang na nuwe skoolmodelle, het aangetoon dat die

verandering hul "bang" en onseker gelaat het; dat hul die verandering as stresvol en "traumaties" beleef het (G.M. Steyn, 1994:4). Whitaker (1993:107) sluit hierby aan deur te sê dat verandering gepaard gaan met "uncertainty, unpredictability and turbulence".

Te midde van die vernuwing is dit essensieel dat orde en reëlmaat op die Suid-Afrikaanse onderwystoneel so gou as moontlik geskep sal word sodat opvoedende onderwys op harmoniese wyse kan gedy. Dit is dan juis die tot-orde-bring en die skepping van die reëlmaat en sekerheid in die menslike leefwêreld waartoe die reg 'n belangrike bydrae maak. Van Zyl *et al.* (1982:271) sê in hierdie verband byvoorbeeld dat een van die kernmomente van die positiewe reg die ordening van 'n samelewing is. Hahlo en Kahn (1968:26, 35) voeg by dat orde en sekerheid funksies van die reg is. Een van die vernaamste samelewingsverbande in ons moderne samelewing is die skool as inrigting vir opvoedende onderwys (Van der Walt, 1983:27). Die handelinge deur die onderskeie deelnemers aan die opvoedingsproses moet georden word sodat opvoedende onderwys op 'n versnelde en harmoniese wyse kan verloop.

In hierdie artikel sal meer gefokus word op hoofstuk 3 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, wat die Handves vir Fundamentele Regte bevat, om vas te stel watter rol dit speel by die skepping van reëlmaat en orde in die Suid-Afrikaanse onderwysbedeling. Binne die onderwysbedeling in die breë, sal daar meer spesifiek gekonsenteer word op drie van die belangrikste elemente in die onderwyskundige struktuur (H.J. Steyn, 1994:38): die skool, die leerling en die onderwyser. Die belangrikheid van hierdie drie elemente is veral opgesluit in die volgende oorwegings:

* Die skool word deur Barnard (1984:192) omskryf as die "kern" van 'n onderwysstelsel.
* Die primêre funksie van die skool is die huisvesting van die opvoedende onderwyshandeling. Die opvoedende onderwyshandeling wentel uitsluitlik rondom die objek van die opvoedende onderwys: die leerling.
* Binne die skool word die onderwyser as die vernaamste medium gebruik om die leerling se onontslote funksies en moontlikhede mee te ontsluit (Barnard, 1984:192).

Daar sal veral gekyk word hoedat die Handves vir Menseregte reëlmaat by hierdie drie onderwyskundige elemente verseker en wat die inhoud daarvan is.

## 2. Doel van die Grondwet

Die doel van die Grondwet blyk veral uit sekere gedeeltes van die aanhef en die na-rede tot die Grondwet. Die doel van die Grondwet is hoofsaaklik om 'n

platform vir demokrasie, gelykheid en vryheid vir die burgers van die Republiek Suid-Afrika teweeg te bring en om 'n regering van nasionale eenheid tot stand te bring om die skryf van die finale grondwet aan 'n Grondwetgewende vergadering op te dra.

Hoofstuk 3 van die Grondwet handel oor die fundamentele regte van die burgers van Suid-Afrika. Die toepassing van die Handves lê op die vertikale en horisontale vlakke. Primêr is die Handves ingevolge artikel 7(1) en 7(2) vertikaal funksioneel in die beskerming van die burger as onderdaan in sy verhouding tot die staat. Die Handves is primêr daarop gerig om staatsgesag en die uitvoering daarvan te kontroleer. Sekondêr is dit ingevolge artikel 35(3) ook op 'n horisontale vlak funksioneel tot die wedersydse beregtiging van individuele onderdane van die staat (RSA, 1993: artikel 7(1), (2) en 35(3)). Hierdie situasie impliseer gevolglik dat die verhouding tussen die onderwyser en sy werkgewer, die verhouding tussen die onderwyser en die leerling sowel as die organisasie in die skool self deur die Handves medebepaal word.

## 3. Oppergesag van die Grondwet

Artikel 4(1) van die Grondwet bepaal dat die Grondwet juridies soewereine status beklee en dat ander Suid-Afrikaanse wetgewing wat daarmee verskil gevolglik onversoenbaar met die Grondwet is. Nasionale en provinsiale onderwyswette en regulasies wat in Suid-Afrika gepromulgeer word, sal gevolglik aan die Grondwet ondergeskik wees en waar dit daarmee verskil, sal dit as "onbestaanbaar" (RSA, 1993: artikel 4(1)) bestempel word. Om te bepaal of 'n besondere optrede (i.c. in die onderwys) in ooreenstemming is met die bepalings van die Grondwet, word die korrektheid van sodanige optrede deur 'n bevoegde hof getoets.

## 4. Die skool as organisasie

Sekere bepalings in die Handves vir Fundamentele Regte is duidelik van toepassing op die orde binne die skool as organisasie.

### 4.1 Gelykheid

Artikel 35(1) verhef die begrippe gelykheid en vryheid en die wyse waarop dit toepassing vind in 'n demokratiese samelewing tot die etos van die Handves.

Ingevolge die bepalings van artikel 8 word alle burgers van die Republiek van Suid-Afrika as gelyk beskou. Daar mag byvoorbeeld nie onbillik teen iemand gediskrimineer word op grond van sy ras, geslagtelikheid, geslag, etnisiteit, ouderdom, gestremdheid, godsdiens of taal nie (RSA, 1993: artikel 8). Volgens die bewoording van bepaling 8(2) blyk dit duidelik dat diskriminasie nie beperk word tot die spesifieke voorbeelde wat hier vermeld word nie (DOK, 1994:3).

Saamgelees met artikels 32(a) en 32(c) staan dit soos 'n paal bo water dat skole voortaan byvoorbeeld nie die lede van sekere rassegroepe in hul toelatingsbeleid sal kan uitsluit van toegang tot 'n besondere skool nie (RSA, 1993: artikel 32(a)).

## 4.2 Vryheid van assosiasie en die skooletos

Hoewel daar (soos in paragraaf 4.1 bespreek) ingevolge artikels 32(a) en 32(c) nie gediskrimineer mag word op grond van ras, geslagtelikheid, geslag, etnisiteit, ouderdom, gestremdheid, godsdiens of taal nie, het elke persoon die reg op vryheid van assosiasie (RSA, 1993: artikel 17). Hierbenewens impliseer artikel 14(1) dat godsdiensbeoefening in staats- en staatsondersteunde instellings mag plaasvind (indien die bywoning daarvan op 'n vrywillige basis geskied) (Rautenbach & Malherbe, 1994:35). Hoewel dit baie duidelik uit die voorafgaande blyk dat daar geen onbillike diskriminasie mag wees nie, berei hierdie bepalings tog die weg vir die bestaan van skole wat wentel rondom die gemeenskaplikheid van byvoorbeeld taal, kultuur en/of godsdiens. Hierdie standpunt word bevestig deur artikel 32(c) wat uitdruklik bepaal dat, waar uitvoerbaar, 'n onderwysinstelling gebaseer mag word op 'n gemeenskaplike kultuur, taal, of godsdiens (van byvoorbeeld 'n bepaalde ouergemeenskap) solank as wat daar in die proses net nie gediskrimineer word op grond van ras nie (RSA, 1993: artikel 32(c)). Taal- en kultuurvryheid van die individu, en gevolglik ook van die skool as instelling, word nie ingeperk nie aangesien artikel 31 bepaal dat elke persoon die reg het om die taal van sy keuse te gebruik en ook om aan die kulturele lewe van sy keuse deel te neem. Die aard van taal- en kultuurregte is by uitstek 'n kollektiewe reg omdat taal en kultuur nie op 'n geïsoleerd-individuele vlak beoefen kan word nie (TO, 1994:3). Voortvloeiend hieruit is dit logies dat die regte net betekenis kry indien dit byvoorbeeld vergestalt word in assosiasie van een (of meer persone) met ('n) andere. Tipiese voorbeelde van sodanige vergestalting is vryheid van assosiasie en die oprigting van 'n onderwysinstelling wat gebaseer is op 'n gemeenskaplike taal en/of kultuur (TO, 1994:3). Hierdie bepalings asook die bepalings van artikel 247(1) beskerm die voortbestaan van privaatskole en die huidige staatsondersteunde skole (Model-C) tot 'n groot mate.

'n Besondere privaat of staatsondersteunde skool sal hom gevolglik in sy etos of grondtoon kan identifiseer met 'n bepaalde taalgroep, kultuur en/of godsdiens sonder dat hy op grond van rasgroepering mag diskrimineer. Die etos of grondtoon van 'n besondere skool is gegrondves in die godsdiens, taal en kultuur. Die heersende gees en rigting van 'n skool is 'n blote verlengstuk van die geskrewe of ongeskrewe etos van 'n skool.

Geskoei op die beginsels van "algemeen geldende reg", "redelikheid", "regverdigbaarheid", "vryheid" en "gelykheid" soos omskryf in artikel 33(1), is 'n skool dus geregtig daarop om daadwerklike momentum aan die skool se gees en rigting te gee deur dit te konkretiseer en op skrif te stel in die vorm van 'n toelatingsbeleid (DOK, 1994:7). Sodanige toelatingsbeleid is egter – in die lig van die Handves vir Fundamentele Regte – *insluitend* eerder as wat dit *uitsluitend* is. Dit impliseer na alle waarskynlikheid dat waar 'n skool hom in sy toelatingsbeleid identifiseer met byvoorbeeld die Christelike geloof hy wel die Christelike as heersende gees en rigting in die skool *insluit* maar dat hy nie byvoorbeeld die Moslem wat wel daar wil skoolgaan, mag *uitsluit* nie (vgl. ook artikel 14(2)). Dieselfde beginsel is ook van toepassing waar 'n anderstalige verkies om in te skakel by 'n skool waarvan die voertaal nie sy moedertaal is nie. Vryheid van assosiasie (RSA, 1993: artikel 17) het gevolglik in die onderhawige voorbeeld die toepassingswaarde dat 'n leerling van 'n taal of kultuurgroep wat nie in 'n skool se toelatingsbeleid geïdentifiseer is nie, hom wel by die skool mag inskryf op grond van sy reg om hom met 'n bepaalde groep van sy keuse te assosieer (DOK, 1994:6).

## 4.3 Godsdiens

Ingevolge artikels 14(1) en (2)) het elke persoon die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en opinie. Godsdiensbeoefening kan by 'n staats- of staatsondersteunde instelling geskied indien die bywoning van sodanige godsdiensbeoefening vry en vrywillig is (Rautenbach & Malherbe, 1994:35). Dit impliseer gevolglik dat dit 'n openbare skool en/of 'n staatsondersteunde skool vry staan om die godsdiens van hul keuse in die skool te beoefen (Maree, 1995:33). Hierdie wyse van godsdiensbeoefening sal in die reël ooreenstem met die godsdiens soos dit vervat is in die skool se etos of grondtoon. Sodanige godsdiensbeoefening in 'n skool kan aktiwiteite soos byvoorbeeld (saal)-openings in die oggende, afsluitings in die middae, godsdiensonderrig, ensovoorts in die besondere geloof van keuse impliseer. Die godsdiens-beoefening mag egter nie verpligtend wees nie, aangesien die bywoning daarvan "vry en vrywillig" (RSA, 1993: artikel 14(2)) is. Artikel 2 van die Kanadese "Charter of Rigths and Freedoms" stel dit onder andere ook dat elke persoon die reg van geloof en gewete het (Mackay, 1984:318). In die Kanadese hofgeding, *Donald v. Hamilton Board of Education*, is die skorsing van twee Jehova-getuie leerlinge uit 'n skool onwettig verklaar omdat hul om godsdienstige oorwegings nie die volkslied wou sing nie (Mackay, 1984: 64).

Aangesien artikel 8(2) bepaal dat daar nie op grond van geloof teen enige persoon gediskrimineer mag word nie, mag 'n skool hom wel met 'n besondere godsdiens assosieer, maar dit impliseer ook na alle waarskynlikheid dat 'n leerling wat tot 'n ander godsdiensoortuiging behoort nie toegang tot die skool

geweier of van die skool uitgesluit mag word net op grond van sy geloofsoortuiging nie. 'n Skool wat hom byvoorbeeld in sy etos en toelatingsbeleid met die Christelike godsdiens assosieer, sal nie 'n leerling wat tot die Joodse geloof behoort, skoolgang kan weier nie. Hierdie benadering word ook bevestig deur artikel 32 (a) wat onder andere bepaal dat elke persoon (i.c. elke geloofsoortuiging) die reg op gelyke toegang tot onderwysinstellings het.

## 5. Die leerling

Die skool wat in die meeste gevalle die funksionaris van 'n staatsorgaan is, staan as gesagsdraer in 'n direkte verhouding tot die leerling as staatsonderdaan. In die lig van die primêre doel van die Handves (soos gemeld in paragraaf 2), kan die leerling in sy verhouding tot die skool en die onderwyser hom dus beroep op die toepassing van die Handves.

Hoewel daar baie bepalings in die Handves is wat toepassingswaarde vir die leerling het, sal daar vir die doeleindes van hierdie artikel net op die aspek van administratiewe geregtigheid gekonsentreer word.

Elke persoon (i.c. die leerling) het die reg op regsgeldige administratiewe optrede waar sy regte of belange geraak of bedreig word (RSA, 1993: artikel 24(a)). Een van die voorvereistes wat gestel word vir die regsgeldigheid van 'n administratiewe handeling is die nakoming van die reëls van natuurlike geregtigheid (Wiechers, 1984:235). 'n Kernmoment van die reëls van natuurlike geregtigheid is die reg wat 'n persoon het om, waar sy regte of belange bedreig word, sy kant van die saak te mag stel (die sogenaamde *audi alteram partem*-reël). Een so 'n geleentheid is byvoorbeeld waar 'n skoolhoof dit oorweeg om 'n leerling van sy skool te skors of uit te sit. In die Amerikaanse hofsaak, *Goss v. Lopez*, is bevind dat die skorsing van 'n leerling wat nie vooraf die geleentheid gegun is om sy kant van die saak te stel nie, indruis teen sy fundamentele regte om sy kant van die saak te stel (Mackay, 1984:83). In die lig van die *audi alteram partem*-reël en ingevolge die bepalings van artikel 24 van die Grondwet, sal die volgende vereistes aan die optrede van die skoolhoof gestel word by die bepaling of sy optrede om die leerling te skors voldoen aan die norm van administratiewe geregtigheid:

* Die leerling (en omdat hy 'n minderjarige is, bygestaan deur sy ouer(s)) moet die geleentheid gegee word om sy kant van die saak te stel en byvoorbeeld deur die skoolhoof die geleentheid gegee word om aan te voer waarom hy nie geskors behoort te word nie. By die skorsing, en veral by die uitsetting van 'n leerling, word een van sy regte – die reg op basiese onderwys (RSA, 1993: artikel 24(a)) – bedreig.

* Artikel 24(b) van die Grondwet bepaal voorts dat elke persoon die reg het op "prosedureel billike administratiewe" optrede waar sy regte geraak of bedreig word (RSA, 1993:artikel 24(b)). Dit impliseer dat indien dit oorweeg word om die onderhawige leerling te skors, die skoolhoof verplig sal wees om billike prosedures te volg. 'n Voorbeeld van sodanige billike prosedures wat van toepassing is by die skorsing van 'n leerling, is die bestaande voorgeskrewe prosedures soos voorgeskryf vir die skorsing van 'n leerling ingevolge die regulasies wat uitgevaardig is na aanleiding van die *Wet op Onderwysaangeleenthede, 70* van 1988. Die voorgeskrewe prosedures is kortliks soos volg:

  - Die skoolhoof moet al die wesenlike feite wat by die moontlike skorsing ter sake is tydens 'n onderhoud aan ouer(s) en die betrokke leerling meedeel.
  - Die meedeling moet van so 'n aard wees dat dit die ouer(s) in staat stel om vertoë te rig waarin hul die geleentheid het om aan te voer waarom die leerling nie geskors behoort te word nie (RSA, 1990: regulasie 2(a)). Die betrokke skoolhoof moet op daardie stadkum die vertoë oorweeg.
  - Indien die skoolhoof, nadat hy die ouers se vertoë oorweeg het, steeds van mening is dat die leerling geskors behoort te word moet hy vervolgens 'n volledige verslag skryf, die vertoë by die verslag aanheg en dit aan die bestuursliggaam (waar dit 'n staatsondersteunde skool is) van die skool voorlê (RSA, 1990: regulasie 2(b en c)).
  - Na oorweging van die verslag (en die vertoë wat daarby aangeheg moet word) wat deur die skoolhoof opgestel is, mag die bestuursliggaam (in die geval van die staatsondersteunde skool) die leerling finaal uit die skool sit (RSA, 1990: regulasie 6(1)).

* Die Grondwet bepaal voorts dat elke persoon die reg het om "skriftelik van redes voorsien te word vir adminstratiewe optrede" waar enige van sy regte of belange geraak word (RSA, 1993: artikel 24(c)). By die toepassing hiervan op die onderhawige voorbeeld beteken dit dat 'n bestuursliggaam van 'n skool wat besluit om 'n leerling uit die skool te sit, die redes vir die besluit skriftelik aan die leerling en sy ouer(s) beskikbaar moet stel.

## 6. Die onderwyser

Soos vir al die ander deelnemende partye aan die opvoedende onderwysverloop, het die onderwyser as individu, maar ook as werknemer, die reg op administratiewe geregtigheid (RSA, 1993: artikel 24) en ook die reg om nie

onbillik teen gediskrimineer te word nie (RSA, 1993: artikel 8). Hierdie reg vertoon die volgende implikasies in die onderwyspraktyk:

## 6.1 Die reg tot administratiewe geregtigheid by evaluering

Een van die primêre doelstellings van die Handves vir Fundamentele Regte is om die individu (i.c. die onderwyser) teen onder andere staatsgesag te beskerm. (Die grootste persentasie van die skole in Suid-Afrika staan onder die jurisdiksie van die staat).

Volgens Van der Spuy (1993:230) is die doel van onderwyserevaluering grootliks die beheer van onderwysstandaarde. Ander doelstellings by die evaluering van onderwysers is kortliks die volgende (Van der Spuy, 1993:230):

- Die identifisering van swakhede en voortreflikhede in onderwyserwerkverrigting.
- Die meting van onderwyserbekwaamhede aan die hand van eenvormig aanvaarde kriteria.
- Die bepaling van onderwyserbekwaamheid op 'n bepaalde stadium van sy loopbaan.
- Die vasstel of 'n onderwyser vir prestasie-erkenning in aanmerking kom.
- Die daarstelling van 'n basis vir openhartige kommunikasie waarmee die evalueerder en die geëvalueerde aangespoor kan word om sy potensiaal te ontwikkel.
- Die skep van kriteria wat as 'n basis kan dien vir self-evaluering deur die onderwyser.

In die lig van die bepalings van die Handves vir Menseregte sal daar moeilik fout gevind kan word met die doel van onderwyserevaluering. Die potensiële probleme lê dus nie opgesluit in die *dat* van onderwyserevaluering nie, maar in die *hoe* van onderwyserevaluering. Die probleem is dat onderwyserevaluering in sekere gevalle in vertroulike geheimhouding volvoer word. Onderwyserevaluering word naamlik deur die topbestuurspan van 'n besondere skool onderneem. Die evaluering word gedoen aan die hand van vier vaste hoofkriteria waarvolgens die onderwysers in die skool bepunt word uit 'n moontlike totale punt van 210 (RSA, 1989:21). Van der Spuy (1993:255) wys daarop dat die evalueringsvorms as "streng vertroulik" gemerk is – 'n maatreël wat onder andere beteken dat die geëvalueerde onderwyser nie weet wat die punt is waarop hy aangeslaan is nie en ook nie weet wat sy bepunting (en swakpunte) vir elkeen van die kriteria is nie. Hierdie gebruik van geheim-

houding by onderwyserevaluering hou in die lig van die Handves vir Menseregte die volgende probleme in:

* Die *audi alteram partem*-reël beteken dat 'n persoon (i.c. 'n geëvalueerde onderwyser) die geleentheid gegun moet word om sy kant van die saak te kan stel waar sy regte aangetas of bedreig word. 'n Vraag wat hier gevra moet word, is of 'n onderwyswerknemer 'n reg tot positiewe evaluering en bevordering het. Die werknemer het nie 'n *reg* tot bevordering nie, maar hy het wel 'n *belang* by bevordering en by die billikheid van evaluering omdat dit sy loopbaan en finansiële opset (sy belange) raak. Voorafgaande beredenering dui daarop dat die onderwyser ingevolge die Handves vir Fundamentele Regte (artikel 24(a)) die reg het op regsgeldige administratiewe optrede wanneer hy geëvalueer word met die oog op bevordering. Soos reeds onder punt 5 aangedui is, is die nakoming van die reëls van natuurlike geregtigheid 'n vereiste vir die *regsgeldigheid* van 'n administratiewe optrede. 'n Kernmoment van die reëls van natuurlike geregtigheid is die *audi alteram partem*-reël wat beteken dat die ander kant van die saak aangehoor moet word. Dit impliseer dus dat die onderwyser wat byvoorbeeld te laag geëvalueer word, en as gevolg daarvan nie kwalifiseer vir bevordering nie, die kans gegun moet word om sy kant van die saak te stel. Waar hierdie evaluering in geheimhouding gedoen word, kry die onderwyser nie die geleentheid om sy kant van die saak te stel nie en is dit gevolglik 'n duidelike verbreking van sy fundamentele reg tot regsgeldige administratiewe optrede waar sy belange geraak word (RSA, 1993: artikel 24(a)). Hiermee saam geld ook die beginsels van die *geregverdigde verwagtings* wat ook nog deur die werkgewer van die onderwyser in ag geneem moet word.
* Benewens die bepalings van artikel 24 van die Grondwet, bepaal artikel 23 ook nog dat 'n persoon die "reg op toegang tot alle inligting" het wat te make het met die "uitoefening of beskerming" van sy regte (RSA, 1993: artikel 24(a)). Hiervolgens het die onderwyser wat geëvalueer word die reg om ingelig te word oor sy evaluering.

## 6.2 Gelyke beregtiging van die vrou

De Witt (1991:515) voer aan dat daar in die verlede onbillik gediskrimineer is teen vroue in die onderwys. Vroue is byvoorbeeld in die verlede, ten spyte van byvoorbeeld hoër meriete as 'n manlike eweknie, oor die hoof gesien wanneer dit by bevordering kom. Tot aan die begin van die negentigerjare was daar nie salarispariteit tussen onderwysers en onderwyseresse nie. Hierdie praktyke staan nou lynreg in botsing met die bepalings van artikel 8 (RSA, 1993: artikel 8). Ingevolge die bepalings van artikel 8 word alle burgers van die Republiek

van Suid-Afrika as gelyk beskou. Daar mag nie onbillik teen iemand gediskrimineer word op grond van sy ras, geslagtelikheid, geslag, etnisiteit, ouderdom gestremdheid, godsdiens of taal nie.

## 7. Samevatting

Weens die verandering in die staatkundige, politiese en statutêre bedeling in Suid-Afrika heers daar onsekerheid. Vir die versnelde en harmoniese verloop van opvoedende onderwys is dit egter nodig dat orde en reëlmaat so gou as moontlik herstel word. Een van die maniere om dit te bewerkstellig is die toepassing van die relevante regprinsipe. Een van die vernaamste regsmiddele vir die skepping van orde en reëlmaat in die onderwys is die Handves vir Menseregte.

In hierdie artikel is drie van die kernelemente in die onderwyskundige bedeling geneem en aan die hand van die Handves vir Menseregte ontleed. Daar is kortliks gepoog om aan te toon hoedat die Handves 'n daadwerklike invloed uitoefen in die beregtiging en ordening tot reëlmaat van elkeen van hierdie drie belangrike elemente van die onderwyskundige struktuur.

## Bronnelys

BARNARD, S.S. 1984. Inleiding tot die vergelykende opvoedkunde. Durban : Butterworth.

DE WITT, J.T. 1991. The Role of the Woman in Educational Management. (*In* Van der Westhuizen, P.C. *ed.* Effective Educational Management. Pretoria : HAUM. p. 515-590.)

DOK
*kyk*
Departement van Onderwys en Kultuur

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR. 1994. Oorwegings wat by die aansoeke van leerlinge om toelating tot staatsondersteunde gewone skole geld. Pretoria : DOK.

HAHLO, H.R. & KAHN, E. 1968. The South African Legal System. Kaapstad : Juta.

HEYNS, B. 1990. The Changing Contours of the Teaching Profession. (*In* Hallinan, M.T., Klein, D.M., Glass, J. *ed.* Change in Societal Institutions. New York : Plenum Press. p. 45-63.)

MACKAY, A.W. 1984. Education Law in Canada. Toronto : Edmond-Montgomery Publications.

MAREE, L.M. 1995. Education Law under the New Constitution. Pretoria : Ongepubliseerde referaat.

RAUTENBACH, I.M. & MALHERBE, E.F.J. 1994. Jou regte en die grondwet. Johannesburg : B & D Drukkers.

RSA
*kyk*
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. 1989. Die diensbedelingstruktuur vir opvoeders (NASOP 02-142). Pretoria : Departement van Nasionale Opvoeding.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. 1990. Regulasies betreffende die beheer van leerlinge by skorsing en uitsetting van leerlinge uit, en die toediening van ander strawwe aan leerlinge in openbare skole (uitgesonderd nywerheid- en verbeteringskole), staatsondersteunde skole en koshuise. (Regulasie uitgevaardig ingevolge die Wet op Onderwysaangeleenthede, 70 van 1988). Pretoria : Staatsdrukker.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. 1993. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 200 van 1993. Pretoria : Staatskoerant 15466.

STEYN, G.M. 1994. Skoolhoofde en herstrukturering van skole. (Referaat gelewer by die kongres van die Opvoedkunde-vereniging van Suid-Afrika in Januarie 1994, Stellenbosch.)

STEYN, H.J. 1994. Structure of the Education System. Potchefstroom : Sentrale Publikasies.

TO
*kyk*
Transvaalse Onderwysersvereniging.

TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING. 1994. Language Policy: Medium of Instruction and Number of Languages to be Taught to Pupils. Pretoria : T.O.

VAN DER SPUY, G.H. 1993. Die bestuursrol van die skoolhoof ten opsigte van personeelevaluering: 'n juridies-opvoedkundige ondersoek. Pretoria : UNISA. (M.Ed.- Verhandeling.).

VAN DER WALT, J.L. 1983. Oor opvoeding in 'n neutedop. Potchefstroom : Mediapublikasies.

VAN ZYL, F.J. & VAN DER VYVER, J.D. 1982. Inleiding tot die regswetenskap. Durban : Butterworth.

WIECHERS, M. 1984. Administratiefreg. Durban : Butterworth.

WHITAKER, P. 1993. Managing Change in Schools. Buchingham : Open University Press.